# DIE TOEKOMS VAN DIE GEESTESWETENSKAPPE

**H.F. VAN ROOY,** *Dept. Semitiese Tale, PU vir CHO*

*ABSTRACT*

*The humanities are today being threatened by the overwhelming demand for manpower for the industries, the demands of professionalising and of national interest in South Africa. The danger in this lies in the fact that the balance in society may be upset, at the cost of the cultural development of the people. The ideal of universal man is being relinquished more and more at the cost of specialization in the sciences. There is thus a very real need today that the humanities should not be neglected, but should rather be studied more intensively.*

Die toekoms van die geesteswetenskappe in Suid-Afrika is 'n saak wat die afgelope tyd heelwat aandag geniet. Uit verskeie oorde word die geesteswetenskappe inderdaad bedreig, aan universiteite veral deur die eis tot professionalisering, waardeur basiese wetenskaplike onderrig en vorming ondergeskik gestel word aan die eise van verskillende beroepe.

In die lig van hierdie vraagstuk moet die belangwekkende rede van prof. F.C. Fensham, voorsitter van die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Onderwys, Kuns en Wetenskap, by die jaarvergadering van die Akademie in 1982 gesien word. Prof. Fensham, hoof van die departement Semitiese tale aan die Universiteit van Stellenbosch, het in die rede die kern van die saak aangeraak. Die rede sal wel deur die Akademie gepubliseer word, maar die redaksie van *Koers* ag dit van soveel belang dat, met prof. Fensham se toestemming, ruim uit sy rede aangehaal word*.

Die probleem van die geesteswetenskappe in Suid-Afrika moet gesien word teen die lig van die vinnige industriële ontwikkeling in Suid-Afrika en die gepaardgaande vraag na mannekrag:

"In omstandighede soos hierdie word hoog gebie vir mannekrag, veral kundige mannekrag. Die klein groepie intelligentsia en opgeleides moet werk doen vir miljoene mense wat swak opgelei is of glad nie opgelei is nie. Vir 'n land wat industrieel ontwikkel, word 'n hoë premie geplaas op mense wat in die toegepaste wetenskappe gestudeer het of wat op een of ander wyse

* Aanhalings word gemaak uit 'n afskrif van dié rede wat prof. Fensham self goedgunstiglik tot die skrywer se beskikking gestel het.

beroepsmatig opgelei is. En saam met die ontwikkeling van die industrieë ontwikkel die sakewêreld. Die gefabriseerde produkte moet van die hand gesit word en les bes die industrieë moet op 'n sakegrondslag bestuur word. Op die industriële en sakevlak is daar rooskleurige loopbane vir talentvolle jongmense. Daar is uitstekende besoldiging vir hulle wat in bepaalde toepasbare rigtings opgelei is. Trouens, daar is sterk kompetisie met te veel poste en weinig aansoeke. Dit stoot salarisse onrealisties hoog op. In ons samelewing is dit presies hier waar die trekkrag lê. Ons intellektueel hoogstaande en selfs gemiddeldes word hierheen gelok. En ons kan hulle dit nie verkwalik nie. Hulle lewer 'n uiters noodsaaklike diens.

"En wat van die geesteswetenskappe? Is dit nie so dat hierdie rigtings dikwels maar met die krummels tevrede moet wees nie? Af en toe kan dit gebeur dat 'n begaafde hom geroepe voel om in hierdie rigting te gaan. Vir die geesteswetenskappe en dus ook goed gebalanseerde ontwikkeling van ons land, bly dit 'n ernstige probleem. Die dolle gejaag agter mannekrag gee weinig geleentheid vir besinning oor 'n gebalanseerde verdeling van talente tussen die kompeterende rigtings in ons volkshuishouding. Die land moet voort op sy pad van industriële ontwikkeling. Dit kan ons nie keer nie. Maar, moet ons ons siel verloor in die proses?"

Hierdie agteruitgang in die geesteswetenskappe kan wel histories beoordeel word. In die verlede — verre verlede maar ook resenter — is baie klem op 'n omvattende opvoeding gelê, sodat daar uit die geskiedenis na baie figure verwys kan word wat op een gebied groot hoogtes bereik het maar wat ook op vele ander terreine goed onderlê was. Die saak van opvoeding het baie wyer gestrek as wat vandag die geval is:

"Hierdie tradisie van 'n wye opvoeding het vir 'n lang tyd voortbestaan. In Engeland het dit aanleiding gegee tot 'n opvoeding in die "liberal arts", veral aan die Universiteite van Oxford en Cambridge. Met die oorname van die Kaap deur die Engelse het daardie ideale ook na Suid-Afrika oorgewaai. Soos reeds gesê, was hierdie benadering goed bekend in Nederland. Daar was dus geen weerstand om daarby aan te sluit nie. Dit het hoogty gevier in die beroemde skool Tot Nut van t'Algemeen waar baie Afrikaners vroeg in die vorige eeu opgevoed is en ook in Het Witte Huis waar dr. A. Changuion onderwys gegee het. Dieselfde tradisie is voortgesit aan die Suid-Afrikaanse Kollege (later die Universiteit van Kaapstad) en die Victoria Kollege (later die Universiteit van Stellenbosch)". "Die ideaal wat 'n mens ook by Goethe, Schiller e.a. aantref, was om so opgevoed te word dat jy 'n universele mens is, in Italiaans *uomo universale*. Dit is 'n ideaal wat sy invloed tot in ons tyd laat

geld het." In die Suid-Afrikaanse geskiedenis was daar heelparty figure in wie hierdie ideaal verwesenlik is. Dit geld ook van persone wat aan die PU vir CHO verbonde was, soos J.D. du Toit, L.J. du Plessis en J. Chr. Coetzee. Hulle was werklik "universele mense".

Vandag word daar egter ander eise deur die samelewing gestel, sodat spesialisasie al hoe meer die wagwoord geword het:

"Ons tyd het so gespesialiseerd geword dat die universele mens vinnig besig is om te verdwyn. 'n Mens kan ook begryp dat in 'n tyd waarin vakgebiede almeer uitgebreid raak en ook in diepte toeneem, dit moeilik is om een vakgebied volkome te beheers. Die neiging is dan om jou toe te spits op 'n sekere afdeling van 'n vak, bv. om te konsentreer op Afrikaanse taalkunde of letterkunde. In die letterkunde kan jy bv. weer spesialiseer in poësie of prosa. Is dit 'n goeie ontwikkeling? Is ons op die regte pad met ons opvoeding? Ek wil dit met twee ou gesegdes illustreer. In hierdie gesegdes word daar gewaarsku teen uiterstes. Ons moet daarteen waak om al minder van al meer en meer te weet sodat ons naderhand niks van alles weet nie. Maar ons moet ook daarteen waak om al meer van al minder en minder te weet dat ons uiteindelik alles van omtrent niks weet nie. Dit is vervlakking teenoor oorspesialisasie. Vervlakking skep die wanindruk dat 'n mens geweldig baie weet en tog het niks daarvan enige diepte nie. Oorspesialisasie beteken dat hy volkome beheer oor 'n klein onderafdeling van 'n vak het, maar 'n ignoramus is as dit by enige iets anders kom. Hierdie oorspesialisasie veroorsaak dat iemand weinig buite sy vakgebied lees. Die gevolg hiervan is gebrek aan perspektief, 'n verengde siening van alles. En so is die lewe nie. Die Vader het aan ons die volle lewe gegee om te geniet en diensbaar aan die mensdom te maak. Hierin speel die geesteswetenskappe 'n wesenlike rol".

Dit is daarom noodsaaklik dat die eie plek van die geesteswetenskappe — en hulle eie aard — raakgesien moet word. Geesteswetenskappe en natuurwetenskappe het elk 'n eie plek, eie taak en eie metodes — en albei is nodig om die volle werklikheid in diens van God se koninkryk te ontplooi. Ook hier is dit 'n saak van balans, 'n balans wat vandag egter bedreig word deur 'n nuwe modewoord: landsbelang:

"In die afgelope tyd het ons gehoor en gelees dat ons met die werwing van mannekrag moet konsentreer op dit wat van landsbelang is. Hierdie begrip 'landsbelang' word gewoonlik nie omskryf nie, maar dit word in so 'n verband gebruik dat 'n mens met 'n stok kan voel dat sekere geesteswetenskappe uitgesluit is. Is filosofie van landsbelang? Of die teologie? Wat

van tale soos Akkadies, Sumeries, Sanskrit of Hetities? Die geesteswetenskaplike voel naderhand eintlik skuldig dat hy met iets besig is wat niks met landsbelang te doen het nie. Wat is die belangrikste? Is dit belangriker om 'n kanon te ontwikkel wat self verder as die beste Russiese model kan skiet of om Akkadiese spykerskrif moeisaam te lees? Ek dink nie dit is reg om hierdie sake teenoor mekaar te stel nie. Wanneer ons 'n gesonde balans wil handhaaf, is albei van landsbelang. Die geesteswetenskappe met hulle talle vertakkinge en breë spektrum is van die belangrikste boustene in die breë kultuur van die volkshuishouding. Om dit in al sy fasette te ontwikkel is om die mense van ons land kultureel te laat asemhaal. Hoe meer die kulturele longe van die volk tot in elke hoek asem kry, hoe beter kan ons ontwikkel om breë perspektiewe van die lewe te kry wat ons in ons veelvolkige gemeenskap so nodig het vir oorlewing".

Deur die verwaarlosing van die geesteswetenskappe word algaande die balans in die volkshuishouding benadeel en die deur vir materialisme geopen. Die eise van "landsbelang" en die vraag na hoërvlakmannekrag in Suid-Afrika hou die gevaar in dat die atmosfeer vir die ontplooiing van die geesteswetenskappe al hoe swakker word:

"Die atmosfeer wat hier geskep word, gee 'n mens 'n benouenis om die hart. Die algemene klimaat is weinig bevorderlik vir die bestudering van die geesteswetenskappe en het ookal begin draai teen die teoretiese natuurwetenskappe. Die klem val swaar op industriële ontwikkeling. Die klem val ook daar waar groot geld gemaak kan word. Ons samelewing word al meer materialisties ingestel. Dit werk dwarsdeur al die strukture van ons samelewing. As 'n bloedjong mannetjie sulke voordele uit 'n pos kan haal dat hy in 'n paleis van 'n huis in 'n spog voorstad kan woon, boonop 'n reuse strandhuis in Plettenbergbaai kan bekostig, elke oggend die keuse tussen drie luukse motors kan maak om werk toe te ry, is daar duisende ander jongmanne wat met begerige oë na hom kyk en ook in daardie rigting wil gaan om te sien of hulle dit nie kan bereik nie. Wat is 'n onderwysertjie, predikantjie en selfs 'n professortjie in die omstandighede? Dit is nie 'n gesonde atmosfeer om rekrute vir die geesteswetenskappe te werf nie. Dit is 'n ongesonde, onnatuurlike atmosfeer wat op ander minder bevoorregte bevolkingsgroepe 'n indruk maak. Die rykdom van ons land kan ook sy grootste vloek word. Hiermee wil ek nie die probleem probeer wegdink of impliseer dat 'n mens net die towerstaf kan swaai van die geesteswetenskappe en die probleem is opgelos nie. Dit is baie meer ingewikkeld as dit".

Daar sal dus in Suid-Afrika 'n besondere poging aangewend moet word om die balans te bewaar en die geesteswetenskappe tot hulle reg te laat kom.

Prof. Fensham het belangrike vrae aan die orde gestel, en die skouer sal aan die wiel gesit moet word. Alhoewel die invloed wat van die regering kan uitgaan, belangrik is, is dit 'n saak hierdie waarvoor persoonlike verantwoordelikheid 'n besondere vereiste is. Die gelowiges het inderdaad die taak om God se koninkryk oor alle lewensterreine uit te brei. Daar is dus 'n taak op die terrein van die nywerheid, die natuurwetenskappe en die tegniek — maar nooit mag ontwikkeling daar ten koste van die geesteswetenskappe nagejaag word nie. Die hele wêreld win en aan jou siel skade ly bly vandag nog net so 'n waar woord as 2 000 jaar gelede.